'n Paradoks

Phoenix, Arizona, USA
17 Januarie 1965

1 Julle kan maar sit. Ek het 'n lang tyd gewag om hier na Phoenix terug te keer. Ek is beslis bly om vanmiddag hier te wees. Wanneer ek in Phoenix is, is daar iets daaromtrent, wat my altyd laat voel dat ek tussen mense sit wat my vriende is, wat my liefhet. En—en dis groot gebedsstryders van hier wat vir jare na my toe kom om vir my te bid. Ek onthou altyd die eerste diens wat ek hier saam met Broer Outlaw gehad het, Broer Garcia, en die predikers hier van die stad. Toe ek net in die jeug van my dienste was hoe die Here dit wel geseën het. Sedert dan, het Phoenix groot … Iets is in my hart, wat moeilik is om te verduidelik.

As 'n klein seuntjie, wou ek altyd na Phoenix toe kom. Ek het altyd oor die woestyn gelees. Toe ek net 'n seuntjie was, het ek klein gediggies opgemaak, oor Arizona.

Ek is so bly om 'n—'n boorling te wees. Ek skat ek's net omtrent 'n jaar oud, en miskien 'n bietjie meer. Maar julle vind nie baie meer ouer as dit nie. Elkeen wat ek teë kom, ek sê, "Is jy 'n boorling?"

"Wel, soveel as wat daar is. Ek was al so lank hier."

En—en ek veronderstel ek moet opgaan na die Apache reservaat, of iewers, om 'n ware inboorling te kry.

En nie lank gelede nie, het iemand gesê, "Broer Branham, hoe hou jy van Arizona?"

Ek het gesê, "Wel, dit was een van my groot leeftyd se afwagtings, om—om in Arizona te bly, en God het dit vir my geskenk."

2 Ons is hier net voor die Sakemanne se konvensie, wat 'n jaarlikse ding vir ons geword het. En vanmiddag, soos ons hier vergader het vir 'n vroeër samekoms voor die konvensie wat Donderdagaand begin, glo ek. Dit was my voorreg, vir die laaste—laaste paar jaar, om te kom en hierdie klein diensies te hê, voor die werklike diens by die … of die konvensie, liewer, begin.

En Broer Williams is 'n baie dierbare vriend, hy en Suster Williams. Ek het beslis 'n warm plek in my hart vir daardie mense. Hulle nooi my voortdurend om terug te kom, en so ons is bly om daardie uitnodiging vanmiddag te vervul.

Ook op die platform, Broer Fuller, Broer Jewel Rose, en Broer Tony Stromei van Tucson, en Broer Borders ons veldtog bestuurder. En 'n—'n goeie ou kosbare broer, Arganbright, ons was saam in baie harde gevegte. Aan die ander kant van die rivier; verwag ek eendag om by hom te woon aan die anderkant van die groot rivier.

3 Ek kan nie dink aan die broer se naam nie, ek het probeer. Wat is jou naam, broer? ['n Broer sê, "Al Booher." — Red.] Booher, Broer Booher. Ek—ek ken sy gesig. En is jy nie ook die een wat partykeer altyd interpreteer vir die ... ["Interpreteer vir die dowes."] vir die dowes. Dis …

En ons is so bly om almal van julle hier te hê.

Ek het net hieronder voor my gekyk, en ek sien 'n paar van my vriende hier al die pad van Arkansas, af. Toe ek die eerste keer hier was, het ek vir julle gesê dat oral waar ek gegaan het, het ek iemand gekry van Arkansas. Ek is seker, as ek ooit in die Hemel kom, sal ek sommige daar kry van Arkasas, want hulle was sekerlik sulke getroue, lojale mense.

4 En nou, gewoonlik praat ek 'n lang tyd, maar ek het my bes probeer om my Skrifte en notas so te maak dat ek nie te lank sou praat nie. En ek wil vir die siekes bid terwyl ek in Phoenix is.

Nou, die Boodskap wat ek … wat die Here aan my toebedeel het, is partymaal, julle weet, hierdie dinge kan nogal liggeraak wees. En dit was so in elke eeu. En ek het my bes probeer om Daarby te bly. Dit is iets. En As ek nie daardie ding sê het wat God my gesê het nie, en as dit—dit nie van God was nie, dan was Hy … dit sou nie in die Woord wees nie. Maar as dit in die Woord is, en 'n belofte is vir hierdie uur, dan voel ek dat ek doen wat reg is, want ek probeer net hou wat Hy belowe het vir hierdie uur.

Baie keer wanneer jy iemand in hulle teologie kruis, sal hulle sommer gou jou uitlos. Maar dit behoort nie so te wees nie. Ek probeer om … Ek vind vriende van my wat in allerhande verskillende kerke is, ensovoorts, ek het nooit 'n uitval met daardie broers nie. Goeiste, ek gaan na hulle kerke toe, hulle laat my van oral af kom, en praat. Maar ons moenie uitval, oor klein idees nie.

5 Maar, julle weet, as ek enigiets anders gesê het as wat in my hart is, sou ek 'n huigelaar wees. En ek—ek … Nooit nie! Ek mag Hom dalk eendag ontmoet, as 'n sondaar, maar ek wil Hom beslis nie ontmoet as 'n skynheilige nie. Maar ek wil eerlik wees. En as ek net gesê het, "Wel, ek sal Dit net uitlaat omdat die res van hulle *dit*, *dat*, glo," dan watter soort persoon? Jy kon geen vertroue in my hê nie, en ek kon nie vertroue in God hê of in myself nie, wanneer ek net so maklik toegee.

Enigeen moet iets hê waarvan hulle seker is. En dis wanneer jy jou geloof kan baseer, is wanneer jy seker is. Maar totdat jy seker is, as daar 'n vraag is, los dit totdat jy seker is.

6 Nou Billy het waarskynlik 'n paar gebedskaarte uitgegee, wat ek dink hy … Ja, ek het hom gesê hy moet. En ek glo hy het 'n tyd gelede, vir my gesê, dat hy het. Êrens daar, na 'n ruk, sal ek 'n paar na die gebedslyn roep, om voor gebid te word. En as jou kaart nie geroep word nie … As—as dit geroep is, liewer, en jy's nie seker dat God die geneesheer is en Hy gaan jou nie genees nie, sal dit tot geen nut wees om hiernatoe te kom nie, want jy sal nie genees word nie. Jy, as daar een vraag is, sal jy sê, "Wel, nou, as daar iets in my lewe is, behoort ek dit regtig reg te stel," gaan maak jy dit eers reg, en kom dan terug na die gebedslyn, sien.

Omdat, genesing is die kinders se brood. Ons besef dit. Dit is in die versoening, en die versoening word eerste op ons siele aangewend. En genesing het altyd elke boodskap voorafgaan, en dit was ook 'n manier om die mense bymekaar te bring. En dis 'n …

Baie mense sal 'n genesingsdiens borg, baie sal na 'n genesingsdiens kom, of 'n liedere fees, maar wanneer dit kom by 'n arme verlore siel om gered te word, is daar nie baie mense wat geïnteresseerd is daarin nie. Hulle is net … Maar dis die hoofsaak. Goddelike genesing en sang feeste, ensovoorts, is net … Soos Broer Bosworth altyd gesê het, "Dis die aas aan die hoek." En jy wys die vis die aas, nie die hoek nie.

7 En dis net die ding, om die mense te kry om 'n rukkie te luister, totdat jy regtig aan hulle jou Boodskap kan tentoonstel. God het dit in elke eeu gedoen, deur elke eeu, was daar altyd 'n genesingsveldtog. En as dit 'n ware genesingsveldtog is, agter daardie veldtog, is altyd, 'n boodskap. Daar is nooit 'n teken gegee vir net 'n teken nie, dit voorafgaan 'n boodskap.

En ek glo dieselfde ding is, sewentien jaar gelede, of agtien jaar nou, dat die Here my uitgestuur het om te begin bid vir die siekes. Dit het 'n groot herlewing onder die mense veroorsaak. Baie groot dienaars van God het uitgegaan in genesingveldtogte, en, maar die genesingsveldtog, in sigself, as julle steeds in dieselfde ou trant bly as wat julle altyd was, is daar iets verkeerd, daardie genesingveldtog is nie deur God gestuur nie. Dit moet eers aandag trek, sien, kry die aandag, en dan is daar 'n boodskap.

Jesus, toe Hy na vore gekom het, die siekes genees het, ensovoorts, was Hy 'n groot Profeet vir hulle almal. Maar toe Hy hulle die Waarheid begin vertel het, van die Evangelie, Wie Hy was en waarvoor Hy gekom het, toe was Hy—Hy was nie gewild daarna nie. En dis hoe dit altyd deur elke eeu was, en dit sal op daardie manier voortgaan.

8 Nou ons is hier vanmiddag, en dan môremiddag in hierdie selfde ouditorium. Alles van sewe-uur af. Is dit reg, broer? ['n Broer sê, "Sewe-dertig." — Red.] Sewe-dertig, môremiddag, of aand, en dan Dinsdagaand. En ek dink Woensdagaand, ook. ["Nee, by die Ramada Inn, Woensdag."] Woensdag by die Ramada Inn. En dan Donderdag, dis reg, begin die—die konvensie. En as die Here wil, wil ek hier wees vir dit alles.

Ek is hier, julle broer, 'n helper in God se Koninkryk, om julle te help met enigiets wat ek kan. Om jou vraag te beantwoord, ek mag miskien nie in staat wees om dit te doen nie. Maar, biddend, sou ons waarskynlik verstaan of ons daaroor sou bid en na God gaan, en nie ons eie opinies gee nie.

9 As jy siek is, ek wens ek kan jou genees, maar geen mens kan dit doen nie. Dit is alreeds gedoen. Genesing is in julle. Dit is jou geloof in die voltooide werke wat God gedoen het op Gólgota, met Jesus Christus. En buiten dit, is daar geen genesing nie; en buiten dit, is daar geen verlossing nie, geen kerk, geen denominasie, geen ritueel nie, niks besit verlossing nie. Jesus Christus, "Hy is deurboor vir ons oortredinge, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Hy was vir ons oortreding deurboor, oortredinge, "verskoon my, " deur Sy wonde het daar vir ons gekom, "alles in verlede tyd, "is ons genees. " Nou, volgens dit!

Ek het vanmiddag net 'n paar oomblikke om met julle te praat, waarskynlik twintig, dertig minute, en dan gaan ons 'n gebedsry hê. Elke dag, soos gewoonlik, kom daar nuwe mense in, so daar sal nuwe gebedskaarte uitgegee word. Maar ons sal alles doen wat in ons krag is, alles wat God ons sal toelaat om te doen, om vir elke siek persoon wat kom te bid, wat gebed wil hê.

As daar so-iets is dat 'n persoon met 'n vlug in kom, sterwend, noodgeval of iets, wel, julle mag Broer Williams sien, Billy Paul, of party van hulle om hulle in 'n kamer te kry, dat hulle nie wil … Hulle kan nie sit nie, hulle is sterwend, hulle moet dadelik bedien word, wel, plaas hulle in 'n kamer sodat ek sommer dadelik by hulle kan uitkom.

10 Maar dis baie beter, as jy nie in daardie noodgeval is nie, dat jy—dat jy net jou geloofsbelydenisse sal neem en—en jou oortuigings, en hulle net 'n paar minute eenkant toe stoot, net lank genoeg om te luister na wat die Skrif sê, en dan wat God doen wat Hy belowe het. En dit sal geloof bou. En jy sal nie eens nodig hê om in 'n gebedsry te wees, of iemand om vir jou te bid nie. Jy is alreeds genees, as jy dit

net kan glo. Sien? En dis die doel daarvan, is om julle bewus te maak daarvan, dat wat Jesus vir julle gedoen het.

Dit is nie nodig om hiernatoe te kom en te kniel, en deur te bid, totdat julle—totdat julle gered is nie. Jy is alreeds gered, maar julle moet dit aanvaar. Jou gebed doen dit nie. Jou geloof is waardeur jy gered is, nie deur gebed nie. Maar, "Deur geloof is jy gered." Selfde ding is deur genesing. Ek is seker ons almal verstaan dit.

11 En as daar vreemdelinge in ons poorte is, wil ons hê julle moet dit weet, vir myself, of hierdie groep waarvoor ek hier is, die Volle Evangelie Sakemanne, verteenwoordig ons geen sekere denominasie organisasie nie. Ons verteenwoordig net Christen gelowiges in alle denominasies. Elkeen is welkom. Ons is net bly om julle te hê. Jy sê, "Wel, ek behoort aan 'n sekere kerk, kan ek voor gebid word?" Jy hoef nie eens aan 'n kerk te behoort nie, hoef niks te doen behalwe om hiernatoe te kom en God te glo. Dit is al wat jy hoef te doen. God doen die res daarvan.

12 Nou, ek 's—ek' s … het een Bybel opgebruik, vandat ek begin het in die genesingsdiens, of liewer vir die siekes te bid. In Houston, Texas, is daar vir my 'n Bybel gegee, jare gelede, omtrent agtien jaar gelede, deur Broer Kidson en sy groep. En ek het daardie Bybel gedra, heen-en-weer, om die wêreld heen, totdat dit net heeltemal opgebruik was, en bladsye daaruit geval het.

'n Nuwe Bybel is vir my gegee. En die vreemde ding … Ek is nie bygelowig nie, ek hoop nie julle mense dink ek is geneig om bygelowig te wees nie. Toe hierdie Bybel vir my gegee is, het hulle 'n klein ... twee klein merkers daarin gehad, klein linte. Dit is 'n Bybel soos wat ek gehad het.

13 Die Bybel wat Broer Kidson vir my gegee het was 'n Scofield Bybel, nou, nie omdat ek met Mnr. Scofield en sy notas saamstem nie. Nou, waarskynlik party van julle doen, party van julle nie, maar ek laat julle net weet dat ek nie die Scofield Bybel neem nie omdat ek dit glo. Omdat, hy die paragrawe so af is ek ... Dit was een van my eerste Bybels, en ek het net geleer om dit so te lees. En ek hou net dieselfde Bybel. Maar as ek die Thompson Chain gehad het, sou dit baie beter gewees het. Ek kon my teks baie vinniger op 'n Thompson Chain Verwysing gekry het.

Toe ek die Bybel oopgemaak het, die eerste klein lint in die Bybel was baie vreemd, waar dit was. Dit was toe Salomo die tempel van God toegewy het, en die Heerlikheid van God so groot was, die Shekinah-heerlikheid in die gebou, dat die priesters nie eens kon preek nie.

En die volgende lint het daar gele waar Ezra teruggekeer het en die tempel toegewy het.

En die derde klein merker was in die Bybel wat my vrou vir my gekry het en in die Bybel gesit het, nie geweet het nie, met my naam daarop, ensovoorts, het gelê by Markus 11:22. Sy het dit net in die Bybel ingesteek, en dis waar dit was, dat, "As jy vir hierdie berg sê, 'word verskuif.'" Almal van julle weet toe daardie Skrif in my gedagte was, julle bande mense, dis toe daardie eekhorings reg ingekom het, in die—die … Dit is presies.

14 En die vreemde ding daarvan was, my gunsteling voël, robin, se foto was op die merker, die voëltjie met die rooi bors. Soos die legende gaan, dat hy eenkeer 'n bruin voël was, maar daar was 'n Man wat eendag op 'n kruis, gestref het, en hy het so jammer gevoel vir die Man totdat hy in vlug probeer het om die spykers uit te trek, en die Bloed was oor sy hele borsie, en van toe af was hy 'n rooi bors. Dit is hoe ek—ek my Verlosser ook wil ontmoet, met Sy Bloed aan my … binnekant my bors, in my hart.

En dan my eerste byeenkoms, Boodskap wat ek hier preek, is in Phoenix, Arizona. *Phoenix* is iets wat uit niks kan opstaan. Dit is wat God doen. Hy neem niks, en maak iets daaruit.

En my Boodskap vanmiddag, is getitel, "paradoks" vir die volgende dertig of veertig minute. En ek wil lees uit 'n Skrif wat …

15 'n Paar jaar gelede, toe ek die eerste keer begin het met my bediening, het ek 'n Bybel geneem wat julle vir my gegee het, en ek sou die Bybel neem, baie van julle het my dit sien doen, hou dit net oop soos dit, en sê, "Here, waar is die Boodskap vir my?" Dit het oopgemaak by Josua, die 1ste hoofstuk, enige Bybel wat jy my sou gee.

Totdat een nag 'n visioen het gekom, waarmee julle bekend is, en ek het daardie Bybel sien afkom uit die Hemel, en 'n hand met 'n kraag aan 'n manchet, en het soos dit afgegaan met die eerste nege verse van Josua.

Dis waaruit ek vanmiddag lees, vir my voorlesing, of my Skriflesing. My teks word gevind in die 10de vers en die—die … Ek bedoel die 10de hoofstuk en die 12de vers.

Voor ons die Bybel oopmaak, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Nou met ons hoofde en ons harte gebuig, laat ons net dink. Laat hiedie vir ons nie net as 'n gewone vergadering wees nie, ons het die heeltyd. Maar laat ons tot God bid, elkeen van ons, vir hierdie om 'n buitengewone, insover dat die

Teenwoordigheid van God met ons voortdurend sal wees deur die diens.

16 Hemelse Vader, ons is dankbaar vir hierdie wonderlike en edele voorreg om hier in Phoenix te wees vanmiddag, vergader in hierdie groot ouditorium, saam met hierdie mense. En nou is ons net omtrent besig om die Woord te nader. "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." En mag dit weer wees, Here, dat die Woord vlees sal word, Dit deur U kerk sal uitstort en U mense, om die beloftes van die uur te vervul.

Aangesien ons besef dat ons—dat ons die tyd nader, tyd wat besig is om uit te loop. Dit smelt in met die Ewigheid. En ons is by die Weskus. En soos die beskawing getrek het, Ooste na die Weste, so het die Evangelie daarmee saam beweeg. En nou is daar geen plek om te gaan as om weer terug na die Ooste te gaan nie. Dit is volbring

En ons bid, Hemelse Vader, dat dit 'n groot uur vir ons almal sal wees, dat ons die Teenwoordigheid van die Heilige Gees kan voel, die skrywer van hierdie Woord, terug in die gebou van die tabernakel van vlees; wat Homself aan ons gemanifesteer het, in die vergewing van ons sondes, die vergewensgesind van ons ongeregtighede, en met die versekering dat Hy nie sonde aan die gelowige sal toereken nie. En ook dat Hy ons swakhede, en die—die mense in die rystoele sal genees en van die krukke af; en hulle sig gee, hulle wat blind is; en—en verlenging van dae, van hulle wat sterf aan vreeslike siektes soos kanker en tuberkulose wat ver gevorderd is, en siektes wat ons geneeshere nie kan beheer nie. Dis verby dit, maar, God, U gaan bo alle wetenskaplike navorsing. U gaan bo alle redenasie. Skenk vanmiddag aan U diensknegte, die praat en luister van U Woord, oor die onderwerp: *'n Paradoks.* So ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

17 Nou in die Bybel, Josua die 1ste hoofstuk, en Josua die 10de hoofstuk. Die 1ste hoofstuk en 1ste vers.

> *En na die dood van Moses die kneg van die HERE, het die HERE met Josua die seun van Nun, die dienaar van Moses, gespreek en gesê,*
>
> *My kneg Moses is dood; maak jou dan nou klaar, trek deur hierdie Jordaan, jy en hierdie hele volk, na die land wat Ek aan hulle, die kinders van Israel, sal gee.*
>
> *Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het.*
>
> *Van die woestyn en hierdie Libanon af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier, die hele land van die Hetiete, en tot by die Groot See in die weste sal julle grondgebied wees.*
>
> *Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie.*
>
> *Wees net baie sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.*
>
> *Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou wee voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*
>
> *Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou wee voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*
>
> *Het Ek jou nie beveel nie; Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heengaan.*

[Broer Branham lees nou Josua 10:12-24 — Red.]

> *Toe het Josua met die HERE gespreek, op die dag dat die HERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê; "Son, staan stil in Gibeon, en Maan, in die dal van Ajalon!*
>
> *Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande, Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder tegaan nie, omtrent 'n volle dag.*
>
> *En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en na hom, dat die HERE na die stem van 'n man geluister het nie; want die HERE het vir Israel gestry.*

18 Mag die Here Sy seëninge gee deur die lees van Sy Woorde. Nou die onderwerp vanmiddag: *'n*

Paradoks.

Nou, die woord paradoks, soos ek dit pas nageslaan het en seker is dat — dat ek reg was, die woord paradoks beteken, volgens Webster, dat dit is "iets ongelooflik, maar dis waar." Nou, julle weet, ons het die ou gesegde gehoor, dat—dat , "Waarheid meer is" (wat noem hulle dit?) Dat die waarheid "meer vreemd is as fiksie," Omdat, wanneer 'n persoon die waarheid vertel, is dit partymaal baie vreemd.

19 Ek ken 'n vriend van my, bo in Colorado wat. Hulle het 'n opname gehad, gaan 'n opname hê oor elk. En daar was een-en-twintig elandkoppe in die kudde. En my vriend, wat toe, daar terug gejag het, en toe die bewaardes kom. Die bewaring het a goeie prys betaal, vir een van hierdie sneeu bromponies, om terug te gaan om 'n elandopname te hê. Hy het gesê, "Julle moes nie al daardie geld spandeer het nie. Ek kan julle sê hoeveel elande daar is." En hulle het net vir hom gelag. Het gesê, "Hoeveel?"

Hy het gesê, "Daar is negentien." Het gesê, "Daar was een-en-twintig, en ek het twee van hulle doodgemaak."

En die bewaarder het vir hom gelag. Jy is net toegelaat om een dood te maak, jy weet. En hy het gesê, hy het gese,"Ja, ek weet jy het."

"Wel," gesê, "dis wat ek gedoen het. Daar was een-en-twintig elande, en ek het twee doodgemaak."

Die bewaarder het net gelag en teruggegaan. En dis wat daar was, negentien elande. Sien?

Hy het na my omgedraai, gesê, "Jy sien, pastoor, vertel net die waarheid, die mense sal dit nie glo nie." Sien, vertel net die waarheid, so dit is sekerlik meer vreemder as fiksie.

20 Josua hier is 'n Boek, eintlik, dit is 'n Boek van verlossing, van die Ou Testament. Josua, ons sal dit moet oorweeg, die Boek van verlossing. Omdat, dit is, verlossing het twee dele. Verlossing, oral, het twee dele. Dit is, dis "vanuit" en "tot in." Dit neem twee dele om verlossing te maak, "vanuit," "tot in."

Moses het die wet verteenwoordig wat hulle uit Egipte gebring het, en, terwyl, Josua genade voorgestel het wat hulle in die beloofde land ingeneem het. 'n Ander manier, was, die—die wet en genade was twee verskillende aspekte van God se bevel. Nou, die wet het hulle uitgebring, Moses, en Josua het hulle ingeneem.

Dit verteenwoordig ook iets vir ons dag. Nou dit verteenwoordig, terwyl hulle op reis was, kom van—van Egipte af in 'n beloofde land, so het ons uitgekom uit' n wêreld van chaos uit Egipte uit, op ons pad na 'n beloofde Land. "In My Vader se huis is baie wonings; as dit nie so was nie, sou ek julle gesê het," Johannes 14. Kom "vanuit," gaan "tot in."

21 Dit is die wet ons bring om te herken ons is verkeerd, maar dis genade wat ons vergewe. Die wet het geen hoop van—van verlossing nie, want dit … en om dit af tehandel. Dit het geen genade daarin nie, want die wet wys net dat jy 'n sondaar is, maar genade sê jou hoe om daaruit te kom. Wet is die polisieman wat jou in die tronk sit, maar verlossing is die Een Wat jou skuld betaal het, en "vanuit," en "tot in," en tot in genade.

Die Eféseiers. Nou vind ons dieselfde ding, die Ou Testament, dink ek hierdie Boek van Josua pas. 'n Gepaste woord daarvoor, sou wees, die Boek van Efése van die Ou Testament. Die Boek van Efésiërs van die Ou Testament, sou 'n goeie titel wees vir die die Boek van Josua, want dis beslis gepas hieroor.

22 Nou vind ons Josua verteenwoordig genade, of sommige versoenings, dat dit nie kon bestaan op dieselfde tyd wat die wet bestaan het nie.

Ook nie enige boodskap, wat die mense aanstuur nie, kom altyd saam met 'n vorige boodskap. Dit sal dit nie doen nie. Dit is waar jy vandag probleme het. Jesus het gesê, "Neem enige persoon 'n—'n nuwe stuk lap en sit dit op 'n oue? Of sit die nuwe wyn in ou bottels? Hulle vergaan. Dit laat dit oopbars." Hulle kan dit nie verduur nie.

En Josua kon nie in sy bediening inkom totdat Moses weg was nie. So julle sien die heel eerste vers hier, "Moses My dienskneg is dood; nou staan op en neem hierdie mense na die beloofde land." Moses, wat die wet verteenwoordig het, het sy tyd gedien. Dit is, die wet het sy tyd uitgedien.

23 Hulle het regtig met genade begin uitgaan, om mee te begin. Voor dit het hulle die wet gehad, hulle het genade gehad. Terwyl hulle in Egipte was, sonder die wet, was niemand daar nie, net die priesters, ensovoorts, maar hulle het nie enige wette gehad nie. Die wet was nog nie gegee nie. Genade het hulle 'n profeet voorsien. En, ook, genade het 'n versoening voorsien, die offerlam. Ons gaan hierdie week daarop in, op die offerhande, die bloed, want daar lê jou genesing. So aan … Die versoening is voorsien voor daar enige wet was. Genade was voor die wet, gedurende wet, en na die wet.

So daar was Josua, wat genade verteenwoordig het, was reg saam met wet, maar kon nie

afgedwing word solank as wet in sy behoorlike plek was nie.

En so het die kerkwêreld in hierdie laaste dag! Dit het gekom, dit het sy deel gedien, maar daar kom 'n tyd waar dit ophou. Dit moet dit doen. Daar moet 'n Efésiërs wees, ook van hierdie reis, net soos daar was van ander reise. Daar moet 'n Efésiërs kom, 'n Efése, 'n Efésiese van hierdie reis. Let op.

Waarin daardie wet nooit 'n sondaar kon red nie, soos ek dit uitgewys het. Dit kon nie. Daarom het die beloofde land 'n dag van genade verteenwoordig. Sien, hy kon hulle nie in daardie reis nie inneem nie.

24 En as julle opgelet het, in daardie reis, het hulle drie stadiums van hulle reis gehad. Eerste was die voorbereiding deur geloof, daar in Egipte, onder die offerlam. Toe het hulle die Skelfsee oorgesteek, in die—die wildernis, 'n afsondering, wat nog 'n ander stadium verteenwoordig het van die reis.

Omdat, met die voorbereiding, toe hulle almal gereed gemaak het, toe toe hulle by die—na die Skelfsee gekom het, was daar weer 'n mislukking. Die mense het nie geglo nie, nadat hulle baie dinge gesien het wat God gedoen het. Hulle het steeds nog nie geglo nie. En God het die Skelfsee oopgemaak en hulle uitgeneem, wat ons geleer is dat al die mense gedoop is tot Moses, onder die Wolk en die see.

25 Nou hulle was gedoop, bekeer en was gedoop, en het uitgekom om in 'n nuwe lewe te wandel, in 'n nuwe land, in 'n vernuwing reis, onder nuwe mense, en die hand van God op hulle. Maar dit het uiteindelik tot by 'n plek gekom, in hierdie pad wat hulle gestap het, dat hulle nie met hulle wandel van genade bevredig was nie. Hulle moes na iets kom wat hulle self kon doen.

Nou vandag, dis wat mense dink, van Goddelike genesing, of enige ander werk van genade, van God, dat daar iets is wat jy moet doen. Jy, daar is niks wat jy hoef te doen nie, glo maar net, glo God net.

En, hulle, as hulle sou voortgegaan het! Die belofte was nie aan hulle gegee onder die wet nie. Die belofte is voor die wet gegee, sonder enige voorwaardes daaraan, "Ek het julle hierdie land gegee, gaan voort daarheen!" Maar voordat hulle by daardie belofte gekom het, het hulle besluit daar was iets wat hulle self moes doen.

En, dit, vind ons nog steeds onder menslike wesens. Ons is geneig om so te wees, "Daar is iets wat ons moet doen." Ons voel dat, dat ons ook iets daarmee te doen wil hê.

Jy het wel iets daarin, dis jou oorgawe van jou eie wil, jou eie idees, na die wil en idee van Almagtige God, en dis klaar. Dit is al wat daar is. Neem net Sy belofte, dink aan niks anders nie. Wandel Daarmee, en God doen die res daarvan.

26 Toe wou hulle 'n wet hê. En God gee altyd jou die begeerte van jou hart, Hy het belowe. Maar ons vind uit, toe hulle een stap van die kant af weggedraai het van wat God hulle oorspronklike belowe het, dit was dan 'n doring in die vlees totdat die wet weggeneem was, totdat Jesus Christus gekom en gekruisig is om die wet weg te neem. Dit was 'n doring in die vlees.

En enigiets wat jy probeer doen in jouself, dit sal altyd tot jou oneer werk. Dit sal tot jou nadeel wees. Glo God net eenvoudig, en dit handel dit af. Wat God belowe het, "Ek is die Here Jou God Wat al jou krankhede genees." Sien? "As daar enige siekes onder julle is, laat hulle die ouderlinge van die kerk roep." Hy het belowe, "Die werke wat Hy gedoen het, sal in Sy kerk gedoen word."

27 Waarom moet ons organisasies aanvaar, ensovoorts, wat dit van die Boek af sal neerskryf? Sien, dit—dit word 'n doring in die vlees. En hier aan die endtyd, ontmoet ons weer die ding, van aangesig tot aangesig, dit hang af van die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, en wat nog, sien. Jy, jy kan nie voortgaan nie, jy moet terugkom na die hele volle Evangelie. Dit was gemaak vir die volle man, deur 'n volkome God Wat vlees geword het en onder ons gewoon het. En ons weet dat daardie dinge waar is.

28 Nou as ons opmerk, hulle reis in die woestyn, is waar hulle hulle grootste fout gekry het wat Israel ooit gemaak het, totdat Gólgota, was toe (in die Eksodus 19) hulle die wet aanvaar het in plaas van genade. Hulle het genade gehad. Hulle het 'n profeet gehad. Hulle het—hulle het 'n Offerdier gehad. Hulle het verlossing gehad. Hulle is deur die Skelfsee gebring. Hulle is van hulle siektes genees. Hulle het water van 'n geslaande rots gehad. Hulle het—hulle het manna uit die hemel gehad. Alles wat hulle nodig gehad het, is voorsien, en steeds wou hulle iets anders hê.

Nou dis 'n volmaakte tipe van ons Efésiërs vandag, presies. Ons het uigekom onder Luther; ons het deur heiligmaking gegaan, onder Metodis; en in die herstel ingekom, onder Pinkster. Presies soos dit was, die wildernis reis. En toe God ons uitgebring het, het ons baie goed gedoen. Maar wat het ons gedoen? Wou soos die res van hulle wees. Ons vind nou uit dat genade die enigste ding is wat ons deur neem, nooit wet nie.

29 Josua hier is 'n tipe van die laaste bediening. Sien? Onthou nou daardie drie stadiums van die reis. Dit alles het geëindig, die wet en alles moes ophou, sodat Josua … En Josua is dieselfde woord as Jesus, "Jehovah-Saligmaker," wat hulle uit die wildernis geneem het in die beloofde land. Nou ek weet baie hou

…

En ek wil nie van die geleerdes verskil nie, maar baie hou vas dat die beloofde land die Hemel verteenwoordig. Dit kannie die Hemel verteenwoordig nie. Dit kannie, want hulle het oorloë gehad, en probleme, en frustrasie, en alles, in die beloofde land gehad. Dit verteenwoordig nie die beloofde Land nie.

30 Maar, let julle op, net voor hulle die beloofde land binne gegaan het, het al die—die verskille wat—wat onder hulle ontstaan het. Hulle … Een van die groot dinge was Korag. Hy wou nie hierdie een-man leierskap hê nie. Datan, en hoe hulle voor Moses gekom het en hom dit probeer vertel het dat: "die—die boodskap moes dit beteken," en 'n ander interpretasie daaraan gesit het, hulle eie idees van wat dit was. En hulle het elkeen vergaan! Elke een!

Jesus het gesê, "Daar was nie een van hulle wat nie vergaan het nie."

Hulle het gesê, "Ons vaders het manna geëet in die woestyn, oor die tydperk van veertig jaar," Johannes 6.

Jesus het gesê, "En hulle is elkeen dood."

Dood beteken "Ewiglik geskei." Hulle is almal dood, tog het hulle die boodskap geniet, tog het hulle die manna wat geval het, geniet. Nie 'n ander manna nie, die ware manna!

31 Maar toe dit kom by die tyd van toe Bileam uitgekom het met sy valse leer, en gesê het, "Ons is almal een. Waarom gaan ons nie net almal saam en laat ons kinders met mekaar trou nie? Ons is 'n groot nasie. Ons sal julle groot maak met ons." Nou enige een met gewone geestelike insig kan selfs vandag presies dieselfde ding sien, dat almal van hulle met mekaar trou. En dit was 'n onvergeeflike sonde. Dit was Israel nooit vergewe nie.

Maar toe het Josua opgestaan vir die eksodus.

32 Nou word ons geleer, in Openbaring die 6de hoofstuk, glo ek, ja, 6de hoofstuk, van die Sewe Seëls. Dit is veronderstel … Die Boek moet geseel word met sewe verborgenhede, of Sewe Seëls, Openbaring 6. En in die laaste dag, Openbaring 10, in Openbaringe 10, vind ons uit dat die Laodicea, laaste boodskapper van die laaste eeu, en gedurende die tyd van sy profesie, sou die Sewe verborgenhede oopgemaak word, die sewe verborgenhede waarvan daar oorgebly het.

In elke eeu was daar party Daarvan wat oorgebly het. Die hervormer het nie tyd gehad om Daarvoor te sorg nie. In die dae van Luther, het hy net regverdigmaking deur geloof gepreek. Hy was weg, hulle het 'n kerk gemaak. Daarna het Wesley gekom, hy het heiligmaking gepreek. Daar was dit. En die Pinksters het voortgekom.

33 Maar ons word belowe, volgens Openbaringe 10, en volgens Maleági 4, en Lukas 22: 17, ensovoorts, dat daar 'n—'n Efésiërs tot hierdie moet kom. Daar is dit belowe, vriende. Daar moet 'n Efésiërs kom, dat hierdie sewevoudig verborgenhede van die Woord van God ontvou moet word. En dis in die Laodicése eeu waar dit plaasvind. Ek glo dat ons—ons daar is.

Ek glo ons is reg in die skaduwees van die Koms van die Seun van God. En soos Josua, net voor die Efésiërs opgekom het, so het Johannes die Doper opgestaan net voor die volgende Efésiese. En ons word 'n ander, 'n ander Efesiërs belowe. Dit is hier in die Skrif voorspel, daarom dink ek dat ons weer in die Efésiërs lewe. Terug weer na … Ons word belowe dat wat oorgebly het gedurende daardie sewe eeue.

34 Nou jy kan niks by die Boek byvoeg nie, of niks Daarvan wegneem nie. Openbaring 22:18 sê so, "Wie ooit, een Woord sal byvoeg, of een Woord neem, sy deel sal weggeneem word van die Boek van die Lewe." Nou ons kan nie byvoeg of wegneem nie.

So daarom weet ons dat Luther nie Daaraan kon uitkom nie; Wesley, ensovoorts, die hervormers, Knox, Finney, Calvyn, die ry af, sovoorts, hulle het Dit nie alles gekry nie, maar wat hulle gehad was die Evangeliese Waarheid.

Maar nou in die laaste dae, word ons die begrip gegee, deur die Woord, dat ons Dit gaan verstaan, want dit sal 'n Efésiese eeu daarvoor kom. En ons is hier! Nou, paradoks! Ek sal dit eers dit laat hang, want ek het nog net omtrent tien minute en dan sal ons die gebedslyn hê. Paradoks!

35 Daar is vandag party mense, wat nie in wonderwerke glo nie. Hulle sê hulle "kan net nie glo dat daar so 'n ding soos wonderwerke in hierdie moderne eeu is nie." Wel, ek bedoel nie om enigiets sleg oor die persoon te sê nie, maar hulle is geestelik gevoelloos. Hulle, hulle, hulle is—hulle is geestelik blind. Hulle het geen geestelike sig of geestelike gevoelens nie, glad nie. Omdat, geen mens kan in 'n skare mense sit, waarin die Heilige Gees val nie, maak nie saak of hy absoluut' n sondaar is, of sy, maar wat hulle

gebind is om die Teenwoordigheid van God te ervaar wanneer jy die Woord sien wat Hy belowe het in vervulling kom nie. Dan sou jy gevoelloos moes wees, en wanneer jy dit met jou eie oë sien, gebeur, dan sal jy geestelik blind moet wees, ek praat nie fisies nie. Maar jy kan beslis geestelik blind wees, en twintig-twintig, fisiese sig hê.

36 Jy onthou Elía daar by—by Dothan, toe hy uitgegaan het en daardie hele leër met blindheid getref het? Die Bybel het gesê hy het. En hulle reg in 'n lokval gelei het, toe hulle nie geweet het wie hy was nie. En tog het hy presies gehad wat hy veronderstel was om na te lyk, ensovoorts, en hy het reguit na hulle toe gegaan. Maar hulle was blind.

En jy kan in die Teenwoordigheid van die lewende God staan, jy kan onder die salwing van die Gees staan en Dit sien beweeg, en steeds sal Dit jou nie aanraak nie. Jy kan sien wat God gesê het, vir julle perfek preek en dan manifesteer, en steeds sal dit nie ingaan nie, "glo Dit nie," dan, is julle daar, verby bereik. Jy is alreeds dood, lam, verblind, gedaan. Hulle was heeltemal.

37 Die wêreld. Ek wonder, as daardie selfde persoon wat nie in 'n wonderwerk glo nie, ek wonder en of hulle net die dinge kan wees wat kan, wat waar, is daardie wat wetenskaplik bewys is? Ek wonder of julle enige wetenskaplike kan hê, of enigiemand wat nie in 'n wonderwerk glo nie, om vir my te verduidelik hoe hierdie wêreld staan in sy wentelbaan. Hoe hou dit sy perfekte tyd, om die ewenaar en die manier wat dit gaan, en net perfek? Ons het nie 'n masjienerie nie, 'n horlosie, of enige soort, wat tyd kan hou soos daardie nie, dit sal elke maand 'n paar minute wissel. Maar daardie son is presies op tyd. Duisende jare het aangebreek, sy beweeg nooit; beslis, perfek.

38 Hoe die maan, biljoene myle van die aarde af, steeds die gety kan beheer. Sê vir my hoedat in hierdie sonnestelsel waarin ons lewe, hoe kon die maan enige effek op die water op die aarde hê? Sê my wetenskaplik hoe dit gedoen word. Dit kon nie gedoen word nie, want daar is geen wetenskaplike manier om dit te sê nie. Maar God het die maan daar gesit om die see dop te hou. En wanneer die maan sy rug begin draai, wanneer die aarde wegdraai, hier kom die gety in. Maar wanneer hy die volgende oggend wakker word, kyk op die manier terug, dan loop die gety weer terug na sy plek. Dis 'n wag.

"O," sê jy, "dis net op die strand." Nee.

Dit is reg hierbo in Arizona, reg agter in die staat van Kentucky, waar jy ook al 'n gat diep in die grond grawe om sout water te vind. Jy sal uitvind, wanneer daardie gety uitgaan, gaan daardie sout water in die pyp af. En wanneer die gety inkom, styg dit ook, honderde myle van die strand af.

Ons kan 'n preek daaroor preek. Maak nie saak nie, Hoe God, Hy is in Heerlikheid maar Sy bevele daar is net dieselfde effek op die hele wêreld en enigiemand wat die belofte neem. Sy bevele word gegee. Hy het wette van die natuur, en—en hulle—hulle sal hulleself absoluut waar dra, van Pinkster of enige ander tyd. Enige tyd wat God die belofte gemaak het, sal Hy steeds bly by daardie belofte ongeag waar die mense is, hoeveel duisende jare weg is. Sy wette sal altyd dieselfde bly.

39 Hoe die saad in die grond val, en dit verrot, en om weer lewe voort te bring. Lyk so, as dit ooit lewe sou voortbring, sou dit wees wanneer dit in sy perfekte toestand is. As lewe ooit daarin was, waarom sou dit dan nie net na vore kom nie? Plaas dit in die grond, dan kom die lewe voort. Hoekom is dit dat alles rondom daardie lewe, alles wat daar rondom daardie kiem is wat niemand kan vind nie, hoe is dit dat alles wat materiaal om daardie kiem dood gaan? Sodat dit in 'n nuwe lewe kan voort bring. Maar alles wat rondom dit is moet ook sterf en verrot, voor dit lewe kan voortbring.

40 So is dit met 'n indiwidu. Solank daar enige menslike inspuitings is, menslike idees, dan kan God se kiem van lewe, die Heilige Gees, nie werk nie. Jy kan nie genees word solank as wat daar net 'n—'n fraksie van iets êrens is, dat dit nog nie verrot is nie, dit het al die menslike elemente, al die wetenskaplike idees, al die "dae van sogenaamde wonderwerke is verby." Alles wat moet, alles, nie alleen sterf nie, maar verrot, dan van daar af groei die kiem tot 'n nuwe lewe. Dit is die enigste manier hoe dit kan groei.

Dit is waarom ons nie kry waarvoor ons vra nie. Ons probeer so baie van ons eie idees saam met ons neem.

Dit is waarom die Lutherse kerk nie verder kon gaan as wat dit het nie, die Pinksters en die res, want hulle voeg 'n klomp teoloë by, "Hierdie behoort nie hierdie manier te wees nie. *Hierdie* is vir 'n ander dag. En *Hierdie* was daarvoor." Daar bly dit. Dit kan nie groei na daardie volmaakte beeld van Christus totdat elke Woord van God in jou ontvang word nie, en dan word jy daardie Woord. Dis soos die saad wat in die grond ingegaan het.

41 Ek sal wil hê hulle moet Hebreërs 11:3 verduidelik. Die grootste wetenskaplike wat ons ooit gehad het, sover ek weet, was Einstein. Hier in New York, nie lank gelede nie, het ek geluister na wat hy gesê het. En hy het gepraat oor die sterrestelsel, en hoe ver dit was, en hy het bewys dat daar 'n Ewigheid was. Hoe 'n man, soveel miljoen myl per uur gaan, hom soveel sou neem, of 'n miljoen ligjare 'n uur, hom

soveel jare sou neem om daar te kom, een, driehonderd of soiets, en dan driehonderd duisend om terug te kom. En dan daardeur te bewys, op een of ander manier, dat die man net vyftig jaar weg was. Ewigheid!

42 En dis net 'n klein sterrestelsel, wanneer God hulle van Sy hand afgewaai het! Die Bybel het gesê! En Einstein het dit hierna finaal opgesom, "Daar is net een manier wat enige mens die oorsprong van hierdie wêreld kan verduidelik, wat gevind word in Hebreërs 11: 3. 'Ons verstaan dat die wêreld geraam is deur die Woord van God.' " Dit is presies reg. Wetenskap kan dit nie eens aanraak nie. En dan sê jy jy glo nie in 'n wonderwerk nie? Hoe kan jy dit doen?

Hoe sou enige wetenskaplike ooit Noag se reën kon verduidelik, wanneer daar nooit 'n druppel reën op die aarde geval het nie? Maar Noag het gesê daar sou reën wees! En toe Noag se reën gekom het, teenstrydig met alle wetenskap; was daar geen wolke daarbo nie, daar was nooit geen reën daarbo nie. Hulle kon bewys dat daar geen reën daarbo was nie. En toe het God die hemele oopgemaak en 'n—'n stroom uitgegooi wat die aarde weg gewas het, dit was 'n paradoks; hoedat dit beslis onredelik, onverklaarbaar is. Maar ons weet dat God dit gedoen het, omdat die Bybel so gesê het. En ons het getuienis op die aarde, vandag, dat dit so was. God het dit gedoen. Dit was 'n paradoks.

43 Toe God 'n ou man geneem het, met die naam van Abraham, op die ouderdom van vyf-en-sewentig jaar oud; en sy vrou, vyf-en-sestig, baie jare verby die tyd van lewe, van menopause. En toe Hy daardie man geneem het en hom 'n belofte gegee het, op vyf-en-sewentig jaar oud; aan hierdie vrou met wie hy getroud was, sy—sy halfsuster. En hy het met haar saamgeleef vandat sy 'n dogter was; hulle het getrou toe sy waarskynlik 'n—'n tienerdogter was, en hier was sy vyf-en-sestig jaar oud. En gesê, "Jy gaan 'n baba hê by hierdie vrou."

En wat as Abraham sou gesê het, "Ek—ek—ek glo nie in paradokse nie. Ek—ek kan dit net nie aanvaar nie"? Dit het nog nooit gebeur nie.

Julle sien, wanneer jy sê jy glo enigiets, dan moet jy dit in werking stel. Toe is Abraham beveel om homself af te sonder van alle ongeloof, en met God alleen te wandel. En in plaas van swakker te word, het hy sterker geword. En toe hy honderd jaar oud was, en Sara negentig, het die baba gekom.

44 Hoe kon Abraham sy seun neem, ver terug drie dae se reis, waarskynlik negentig myl van enige beskawing af, bo-op 'n berg waar die Here hom gewys het, gaan offer jou eie seun, Isak? Isak wat die hout optel, soos ons weet, wat 'n tipe van Christus is. En bo-op hierdie berg moes hy Isak as 'n offerhande offer, en toe hy alles vervul het wat God hom gesê om sy eie seun te dood deur sy keel te steek, toe hy die mes uit die skede getrek het en sy hand opgelig het om God te gehoorsaam, deur die woord! Want die Bybel het gesê, dat, "Hy het geweet dat God nie 'n belofte kon maak tensy Hy dit nie hou nie. En hy het hom ontvang as een uit die dood, dat Hy in staat was om hom uit die dood op te wek en hom weer aan hom te gee."

45 En toe hy gereed was om God te gehoorsaam, tot sy volheid, het Hy sy hand gegryp en gesê, "Hou terug jou hand, Abraham." En daar was 'n ram in die wildernis, wat se horings vasgehaak, het om 'n wingerd, bo-op daardie berg, waar daar leeus is, wolwe, jakkalse, en die groot verwoede roofdiere wat skape eet. En dan was hy ver bo-op die berg waar daar geen water is nie. Hoe het daardie ram daar gekom? Abraham het klippe oral opgetel, om 'n—'n altaar te bou. Maar daar was die ram, in elk geval. Dit was 'n paradoks.

En enige mens wat God glo en Hom op Sy Woord neem, maak nie saak wat die situasie is nie, sal God nog 'n paradoks verrig, om Sy Woord te hou. Daarom, het Abraham dié plek genoem, "die Here het vir Homself 'n offerhande voorsien." Hy kan steeds 'n paradoks laat gebeur. Hy kan dit vanmiddag doen, as jy Hom net op Sy Woord sal neem.

46 Daniël, in 'n hok—hok vol honger leeus, hoe kon dit wees dat daardie man … Hoe kon dit wees dat daardie man, met 'n groep honger leeus, heelnag in die grot saam met hulle gebly het, sonder enige leed? Die Engel van die Here, onsigbaar vir enige iemand anders, het daar gestaan. Dit was 'n paradoks. Iets moes daardie leeu weerhou het om by hom te kom.

